

Vrydag 28 April

Skrifgedeelte: Openbaring 3:1-6

Fokusgedeelte: Openbaring 3:1-6

Selfversekerde kerk, bekeer jou tot God

Die prediking is suiwer. Die sakramente word bedien volgens God se Woord. Die kerklike tug? Ja, lidmate word vermaan. Elke visitasieverslag sê dat die gemeente die merktekens van die ware kerk vertoon, soos ons dit in die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 29 bely.

Die agteruitgang van die gemeente kom van buite af. Dis die invloed van die ANC se politieke beleid en korrupsie wat elke faset van die samelewing stuk vir stuk tot niet maak. Dit alles het 'n negatiewe invloed op die kerk.

By die gemeente in Sardis het die omgewing die bepalende invloed gehad. Die stad Sardis was gebou op 'n onklimbare heuwel. Sy inwoners was selfversekerd dat hulle veilig was. Tog was Sardis al twee keer deur 'n vyand ingeneem. En in 17 nC is die stad gedeeltelik deur 'n aardbewing verwoes. Die aanvalle en 'n aardbewing het gekom "soos 'n dief in die nag".

Nie dat die gemeente enige waarskuwing vir hulleself gesien het nie. Solank ons 'n betaalde gelowige in die predikant het, is ons tevrede. Solank ons die uiterlike vorme "gereformeerde" kan noem, is ons seker van ons saligheid.

Julle het die naam dat julle lewe, maar eintlik is julle dood. Die dood is in hulleself! Hulle leef nie meer uit die volheid van die Gees nie. Anders gestel: Hulle leef nie hulle verlossing in Christus nie. Van die gemeente gaan daar geen lewegewende invloed in die wêreld uit nie. Inteendeel, die besoedeling van die wêreld is die "klere" wat die meeste lidmate se daaglikse lewens kenmerk.

Daarom die oproep: Word wakker uit hierdie selfversekering. Bekeer julle dat julle lewenswandel beheers word deur die Gees. Leef anders. Leef as verlostes deur heilig en rein te lewe. Wie rein lewe, sal deur Christus voor sy Vader bely word.

Sing: Skrifberyming 15-6:1, 3, 5

Ds. CA Jansen (Carel) (Secunda)